higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n SWART of 'n BLOU pen.
5. Laat ten minste DRIE lyne ná elke vraag oop.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Internasionale liggame wat sekere minimum standaarde voorskryf, kan die beleide van die Suid-Afrikaanse regering beïnvloed.

1.2 'n Kind se gevoel van identiteit en status word deur sy/haar gesin verwerf.

1.3 In Suid-Afrika het ons 'n verteenwoordigende demokrasie, waar die mense 'n geleentheid kry om hul leiers deur vrye en billike verkiesings te verkies.

1.4 Die party met die meerderheid setels in die Nasionale Raad van Provinsies sal die president van die land verkies.

1.5 Die Grondwet definieer die land se openbare instellings en hul magte.

1.6 Die belangrikste funksie van die Provinsiale Wetgewer is om provinsiale wette vir al die provinsies in Suid-Afrika voor te skryf.

1.7 Die adjunkpresident is 'n lid van die Kabinet en die Nasionale Vergadering.

1.8 Die regsgesag in ons land is in die Parlement gesetel.

1.9 Ministers en die direkteurs-generaal word deur regeringsamptenare bygestaan om die aktiwiteite van ondernemings in staatsbesit uit te voer.

1.10 Publieke administrasie is 'n voorbeeld van 'n hulpfunksie.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

In 'n demokrasie kies mense elke paar jaar hul leiers. Die nuut verkose regering sal volgens die wense van die mense regeer. Die werklike eienaars van die staat is dus in werklikheid die mense, en nie die regering nie. Publieke administrasie is 'n aktiwiteit wat uitgevoer word waar 'n groep mense saamwoon.

2.1 Identifiseer VIER soorte rolspelers wat die besluitnemingsproses van die regering kan beïnvloed. (4)

2.2 Beskryf die VIER hoofeienskappe van 'n staat. (4 × 2) (8)

2.3 Wat verstaan jy onder die volgende terme?

2.3.1 Publieke administrasie (2 × 2) (4)

2.3.2 Demokrasie (2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Alle mense wat geregistreer is, kan in die verkiesings in Suid-Afrika stem. Dit is elke burger se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle betyds geregistreer word. Die datum van die verkiesing word gewoonlik in die staatskoerant gepubliseer. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie verseker dat daar genoeg stemstasies met die nodige stemmateriale is.

3.1 3.1.1 Noem VIER vereistes om in Suid-Afrika te kan stem. (4)

3.1.2 Beskryf die rol van 'n stemstasie tydens 'n verkiesing. (2)

3.1.3 Verduidelik die VIER soorte stemmateriale wat vir alle kiesers tydens die stemproses beskikbaar moet wees. (4)

3.1.4 Beskryf die stemproses op die dag van die verkiesing in 'n stemstasie. (10)

3.2 Die huidige Grondwet maak voorsiening vir die vestiging van Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers in elke provinsie waar daar tradisionele owerhede in gemeenskappe is.

3.2.1 Daar is tans ses Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers in ses provinsies.

Noem die SES provinsies waar die Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers voorkom. (6)

3.2.2 Verduidelik kortliks op watter manier die Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers 'n belangrike rol in ons regering speel. (2 × 2) (4)

3.2.3 Verduidelik die belang van die Grondwet. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die speaker van die Nasionale Vergadering het onlangs gesê die burgers is opgewonde oor die feit dat die kantoor van die Openbare Beskermer bestuur word deur iemand wat hulle kan vertrou. Die kantoor van die Openbare Beskermer ontvang deurlopend kwessies wat dit nie kan hanteer nie omdat dit deur die wet verbied word, of omdat dit nie die kapasiteit het om die kwessies te hanteer nie.

4.1 4.1.1 Hoekom dink jy, met verwysing na die uittreksel, is die Suid-Afrikaanse burgers opgewonde oor die kantoor van die Openbare Beskermer? (4 × 2) (8)

4.1.2 Wat dink jy is die hooffunksie van die speaker van die Nasionale Vergadering? (2)

4.1.3 Die Nasionale Vergadering is een van die Parlementshuise.

Beskryf die samestelling van die Nasionale Vergadering. (6 × 2) (12)

4.1.4 Sekere burgers mag nie lede van die Nasionale Vergadering wees nie.

Bespreek wie nie lede van die Nasionale Vergadering mag wees nie. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2 Mense wat misdade pleeg, word deur die staat in howe vervolg.

Beskryf hoe die volgende regshowe hul gesag uitoefen om wette te handhaaf:

4.2.1 Hooggeregshof (2 × 2) (4)

4.2.2 Magistraatshof (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Op die sentrale vlak van die regering bestaan die uitvoerende gesag uit die president, die adjunkpresident en die Kabinetsministers.

5.1.1 Bespreek die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse president. (5 × 2) (10)

5.1.2 Beskryf hoe ministers hul rolle as Kabinetslede vervul. (3 × 2) (6)

5.1.3 Die president ken aan elke minister 'n portefeulje toe.

Noem die verskillende soorte portefeuljes wat deur ministers vervul kan word. (8)

5.1.4 Hoekom dink jy is dit belangrik dat 'n adjunkpresident vir ons land aangestel word? (2 × 2) (4)

5.1.5 Die president, adjunkpresident en Kabinetsministers is deel van die uitvoerende en wetgewende instellings op die sentrale vlak van die regering.

Onderskei tussen die terme *uitvoerende* en *wetgewende instellings*. (2 × 2) (4)

5.2 Die munisipaliteitsraad oefen wetgewende gesag in 'n munisipaliteit uit.

Verduidelik hoe die munisipaliteitsraad wetgewende gesag in 'n munisipaliteit uitoefen. (4 × 2) (8)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

Inwoners van Pietermaritzburg kla dat die munisipaliteit te stadig reageer om gebarste waterpype in hul woongebiede te herstel. Die munisipaliteit se woordvoerder sê dat daar 'n toename in klagtes oor gebarste pype is sedert die waterprobleem begin het. Die woordvoerder sê lug bou in die pype op as die stelsel droog raak. As lug nie behoorlik verwyder en water in die pype vloei nie, kan dit daartoe lei dat die pype bars. Talle inwoners werk nou met hul raadslede saam om hulle te help, aangesien dit problematies is as hierdie diens nie in 'n woongebied beskikbaar is nie.

6.1 6.1.1 Na watter vlak van die regering verwys bostaande gevallestudie? (2)

6.1.2 Hoekom dink jy is die belangrik vir hierdie vlak van die regering om bostaande probleem so gou moontlik te hanteer? (2 × 2) (4)

6.1.3 Verduidelik hoekom jy dink 'n raadslid die mense in 'n woongebied kan bystaan. (5 × 2) (10)

6.2 Elke provinsie het sy eie Provinsiale Wetgewer. Die wette van die provinsie mag NIE strydig wees met nasionale wette en die Grondwet nie.

6.2.1 Beskryf die samestelling van die Provinsiale Wetgewer. (3 × 2) (6)

6.2.2 Hoekom is dit belangrik dat dit Provinsiale Wetgewer wette goedkeur wat nie strydig is met nasionale wette nie? (2)

6.2.3 Volgens die Grondwet is provinsiale wette ondergeskik aan Parlementswette.

Beskryf VIER omstandighede waar 'n provinsiale wet ondergeskik aan 'n Parlementswet kan wees. (4 × 2) (8)

6.3 Noem VIER groepe funksies wat deur alle staatsinstellings uitgevoer word. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou